**Skriflesing: Lukas 24 vers 13-35**
**Tema: Ek was eenmaal blind, maar nou sien ek!**

Ek dink dit is baie moeilik om niks te kan sien nie, om in die oggend op te staan en nie te sien hoe God die nuwe dag skilder nie.

Maar daar is ook 'n ander blindheid wat net so erg of dalk selfs erger is. Dit is 'n geestelike blindheid. Die Emmausgangers is geestelik blind. Ons lees die volgende van hulle in Lukas 24 vers 15-16: "[15]Terwyl hulle so gesels en gedagtes wissel, het Jesus self nader gekom en met hulle saamgeloop, [16]maar hulle oë is verhinder om Hom te herken."

Die Emmausgangers het naby Jesus geleef. Hy was vir hulle 'n profeet wat magtig was in woord en daad. Hulle het so gehoop dat Hy Israel sou verlos. Hulle verwys na die vroue wat na die graf toe gegaan het as vroue wat "uit ons kring" kom. Hulle verwys ook na "sommige van ons mense" wat na die graf gegaan het. Daar kan dus geen twyfel wees dat die Emmausgangers deel van die groter groep volgelinge van Jesus was nie.

Op die Sondag van sy opstanding was hulle egter alles behalwe blymoedige volgelinge van Christus.Hulle het met ernstige uitdrukkings en somber gesigte met mekaar geloop en praat. Hulle was swaarmoedig en teneergedruk. Jesus het nie aan hulle verwagtinge voldoen nie.

Hulle het so gehoop dat Hy Israel sou verlos van die Romeinse onderdrukking, maar dit het nie gebeur nie. Hy was al 3 dae dood. Volgens Joodse oorlewering word siel en liggaam geskei na drie dae. Daar was dus, volgens hulle, geen kans meer dat Hy uit die dood kon opstaan nie.

Asof dit nie genoeg is nie, het hulle ontstellende berigte gehoor van die vroue en ander dat Sy graf leeg was. Hulle het nie geweet wat om van al hierdie dinge te dink nie. Hulle was verward en teleurgesteld. Dalk was dit die rede waarom hulle nie onthou wat die profete in die Ou Testament oor Jesus geleer het nie. Van hulle geloof en hulle hoop was daar min oor, want hulle was blind.

Wat maak dat hulle nie kan sien nie? Die feit dat Jesus nie by hulle eie verwagtinge en behoeftes van 'n aardse verlosser inpas nie, maak hulle blind. Hulle was Jode onder Romeinse heerskappy. Hul het geen regte gehad nie. Baie van hulle was werkloos of moes vir 'n karige salaris werk. Hulle omstandighede maak hulle blind. Hulle kyk so vas teen hulle swaarkry en teleurgestelde verwagtings dat hulle nie die Here raaksien nie. Waarskynlik het die Here ook hulle oë verhinder om Hom te sien totdat hulle gereed was om Hom te sien vir wie Hy werklik was.

Baie van ons beleef ook swaarkry. Dit voel vir ons of die Here nie by ons is nie en nie vir ons sorg nie. Ons kyk so vas teen hierdie dinge dat ons Hom nie by ons raaksien nie. 'n Ander gevaar is dat ons Hom net vaagweg sien. My oë was redelik swak op skool. Ek het gesukkel om op die skryf-bord te sien en gedink dat almal maar soos ek sien, totdat ek 'n bril gekry het. So maklik is dit om die Here net vaagweg, op 'n afstand, as deel van ons lewens te sien en te dink dat dit maar so moet wees.

Die gevolge van geestelike blindheid is dat ons rigting verloor. En ons verloor hoop. In Lukas 24 vers 21 sê Kleopas: "Ons het so gehoop dat dit Hy is wat Israel sou verlos. Maar boonop is dit vandag al die derde dag vandat die dinge gebeur het." Ons het so gehoop…

Dit is vir my maklik om die oorbekende verhaal van die Emmausgangers te lees totdat ek besef dat hierdie twee eintlik maar ek is. Ek het sekere verwagtinge van die Here waaraan Hy, volgens my, nie voldoen nie. Ek beleef moeilike tye en dan sien ek Hom nie. Ek is blind. Wat gaan maak dat ek geestelik weer kan sien?

Kom ons gaan kyk hoe die Emmausgangers se oë oopgegaan het en wat ons daaruit kan leer. Om dit makliker te maak, begin ek elke woord met die letter "g".

**Genade**
Die Here verwerp nie twyfelaars nie. Hy spreek die Emmausgangers streng aan in Lukas 24 vers 25-26:

"[25]Toe sê Hy vir hulle: "Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie? [26]Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlikheid in te gaan nie?"

Ten spyte van ons kleingeloof en die feit dat ons soms nie glo wat God se boodskappers in die Bybel sê nie, soek Hy ons steeds op en stap saam met ons op ons worstelpad.

**Gesels**
Die Emmausgangers gesels mekaar en met die Here. Dit is 'n somber gesprek, maar dit is belangrik dat hulle praat. So is dit nodig dat ons ons hart teenoor mekaar en veral teenoor die Here uitstort.

Hulle luister ook hoe die Here die Woord vir hulle uitlê. Dit verander hulle. Dit maak hulle harte warm. Die Here praat op baie maniere met ons. Die belangrikste manier waarop Hy vandag steeds met ons praat, is uit die Bybel. Ons moet na Hom luister.

**Gasvryheid**
As die reisigers by die Emmausgangers se huis kom en dit lyk of die vreemdeling verder wil aangaan, nooi hulle hom binne. Hulle dring by hom aan om by hulle oor te bly.

**Gekuier en gebed**
Die Emmausgangers kuier saam met hulle gas om die tafel. Hy breek die brood en bid en toe gaan hulle oë oop. Hulle sien en herken die Here.

**Geloof**
Slegs deur die oë van geloof, kan ons die lewende Here hier by ons sien. Ons lees in Lukas 24 vers 31: "[31]Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn."

**Gaan en getuig**
Gaan en getuig is nie die volgende stap na geloof nie, dit ís geloof. In Matteus 12 vers 34 lees ons: "Waar die hart van vol is, loop die mond van oor". In Romeine 10 lees ons dat ons met die hart glo en met die mond bely. Ons kan die twee nie van mekaar skei nie. Die Here gebruik my en jou hart en mond om ander mense rede te gee om in Hom te glo.

Ons as kerk dink opnuut ernstig daaroor wat dit beteken om 'n kerk te wees wat uitgaan met die goeie nuus van Jesus Christus. Dit is wonderlik dat ons dit doen, maar dit is ook hartseer, want ons moes nooit opgehou het om uit te gaan met hierdie goeie nuus nie.

Om geestelik te kan sien, is nie moeilik nie. Die Here wil saam met jou loop. Nooi Hom om naby jou te loop. Praat met mekaar en met Hom. Nooi soms vreemdelnge in om saam met jou aan die tafel te kom sit. Kuier saam. Bid saam. Dan sal jou oë oopgaan en jy sal die lewende Here naby aan jou sien. Hy sal jou trae sleepvoete nuwe krag en beweging gee om uit te gaan met die wonderlikste boodskap: "Die Here het regtig opgestaan!"
**Amen**